ONDERWYS

# Klopper gee toe die geld terug

Deur **Verslagspan** | 15 April 2018 00:01 | Rapport

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het ná druk van sy vakbondlede 'n bonus van R18 000 wat hy van 'n vakbond-filiaal verdien het, terugbetaal.



Die onderwysman Chris Klopper verdien twee salarisse.

Hy en sy kollegas ontken egter ongerymdhede en sê dit was net 'n gebaar sodat mense ophou om hom verdag te probeer maak.

Klopper sê egter steeds nie hoeveel geld hy in totaal by al die filiale van die SAOU verdien. Hy is uitvoerende hoof van SAOU én van die SA Education Foundation (SAEF) wat dienste lewer aan die SAOU.

*Rapport* het verlede maand berig oor omstredenheid van die vakbond se geldsake. Klopper en lede van die SAOU-raad het Vrydag in 'n vergadering met *Rapport* oop kaarte gespeel oor die SAEF, die redes vir sy stigting en die verhouding tussen die SAEF en die SAOU. Teenwoordig was Klopper, SAOU-president dr. Louis Swanepoel, voormalige president Corn Booyens, en Louise Lemmer, adjunk-president van die SAOU.

Dit volg ná weke se bontpratery oor die SAEF en die vakbond se geldsake.

**Dit blyk nou:**

Die SAEF is in die vroeë 1990's gestig om die bates van die ou Transvaalse Onderwysvereniging (TO) te beskerm. Die vrees het destyds bestaan dat die regering op 'n enkele onderwysvakbond sou aandring en dat al die TO-bates – soos sy hoofkantoor in Garsfontein in Pretoria – die eiendom van die nuwe supervakbond sou word.

Die TO, wat later deel geword het van wat nou SAOU is, het dus die gebou in Garsfontein en ander bates aan die voorganger van die SAEF geskenk en sedertdien tree die SAEF op as die SAOU se "diensteverskaffer".

Die vakbond betaal dus nou huur en administrasiekoste vir 'n kantoorruimte wat nie nodig sou wees indien die TO-lede dit saamgeneem het na die SAOU nie. Booyens sê die besluit is in 'n ope vergadering geneem en almal was bewus van die situasie, maar nuwer lede is duidelik nie bewus van die geskiedenis nie.

> **"Klopper en die ander raadslede sê die SAOU en SAEF funksioneer onafhanklik van mekaar."**

Klopper en die ander raadslede sê die SAOU en SAEF funksioneer onafhanklik van mekaar. Voorbeelde van die onafhanklikheid is aparte grondwette, verskillende ouditverslae en raadsvergaderings op verskillende dae. Al die SAEF-bestuurslede beklee egter leiersposte in die SAOU.

Die SAEF se noemenswaardigste inkomste is die R1,3 miljoen wat hy uit die SAOU verdien terwyl sy grootste uitgawe salarisse van R5 miljoen is. Dié rekening is vir 10 werknemers. Klopper is een van die "werknemers" en verdien dus twee salarisse – 'n verklaarde salaris wat op die vakbond se finansiële state weergegee word; en 'n salaris wat verklaar word aan SAEF-belangehouers, maar nié aan SAOU-lede nie.

Klopper ontken dat daar 'n botsing van belange is om 'n heeltydse werk as hoof van die SAOU te hê en ook vergoed te word om via die SAEF dienste aan die SAOU te lewer.

Hy sê dit is 'n finansiële reëling tussen die twee organisasies om by te dra tot 'n salaris wat markverwant is. Die SAOU gebruik 'n eksterne maatskappy om die gepastheid van salarisse te beoordeel, sê hy.

Die SAEF het vroeër geweier om hul finansiële state en grondwet aan Rapport te gee. Dit is bekom by die departement van maatskaplike ontwikkeling waar dit volgens wet vir enigiemand beskikbaar is.

Klopper en Swanepoel het Vrydag gesê hulle gaan nou meer deursigtig wees vir lede.

+ Ander SAOU-leiers word ook deur die SAEF betaal. Swanepoel (president van die SAOU en voorsitter van die SAEF) en Klopper ontvang albei "raadsgeld" van R33 344 per jaar en R1 168 elke keer as hulle 'n vergadering bywoon. Swanepoel ontvang ook 'n voorsitterstoelaag van R2 477 per maand.